8009
EDLEEN
1625
Tel/Fax: +27-11-976-3204
E-mail: kies @mweb.co.za

8 Januarie 1997

Ou Apostoliese Kerk van Afrika
Privaatsak X9
PLUMSTEAD
7801

Meneer,

Ons beoog om die meegaande brosjure beskikbaar te stel aan mense wat om inligting oor die Ou Apostoliese Kerk van Afrika vra.

KIES se roeping is om, getrou aan die Skrif, dwaalleer en misleiding bloot te stel en daarom wil ons verseker dat die inligting wat oor die Ou Apostoliese Kerk van Afrika beskikbaar gemaak word so na as wat dit menslik moontlik is ’n korrekte en getroue weergawe daarvan is.

U word dus vriendelik, dog dringend versoek om enige kommentaar, kritiek, regstellings of andersins skriftelik aan ons te rig sodat ons dit in ag kan neem en ook in die brosjure sal opneem. Ons sal dit waardeer indien u skriftelike reaksie ons teen die einde van April 1997 kan bereik. Indien geen kommentaar teen hierdie datum ontvang is nie sal ons aanvaar dat u verkies om nie te reageer nie.

By voorbaat dankie

Die uwe

J Grobler
Voorsitter

8009
EDLEEN
1625
Tel/Fax: +27-11-394-3080
E-mail: kies_ciec@telkomsa.net

JH Venter (Per E-pos)

Geagte Mnr Venter

Ons is bly oor jou reaksie op dit wat op ons webblad verskyn, maar ongelukkig laat jy na om spesifieke voorbeelde te noem waar dit wat in die "blad" verskyn "verbeelding of vervolgingstog[e]" is en weerlê dit ook nie met die nodige bewyse nie. As gevolg hiervan word jou reaksie en poging tot *teregwysing* 'n emosionele een sonder basis waarop ons graag soos volg antwoord:

A. Eerste voorstel van die skrywer: Hoekom nader julle nie die hoof van die OAK vir 'n onderhoud nie?

Dis heeltemal onmoontlik om 'n onderhoud met die hoof, dit is 'n apostel, van die Ou Apostelkerk van Afrika te kry. Op 7 September 1998 het ek die hoofkantoor van die OAK geskakel juis met die doel om meer uit te vind omtrent die kerk. Twee persone met wie ek gepraat het, het geweier om 'n kontak nommer van 'n apostel aan my te gee. Hulle antwoord was dat 'n apostel nie met wêreldse mense praat nie. Hulle het egter my telefoonnommer geneem iemand sou my kontak, ek wag vandag 2 Julie 2003, nog steeds vir daardie oproep.

Sien ook ons skrywe aan die OAK hoofkantoor van 8 Januarie 1997, waarop daar tot vandag toe nog nie reaksie ontvang is nie.

B. Tweede voorstel van die skrywer: Hoekom bid ons nie tot God om hierdie dwaalleer weg te neem of tot stilstand te roep nie?

Indien ons dit doen tree ons teen die Woord van God op en maak ons God tot leuenaar. Die Bybel sê dat dwaalleer gaan voorkom. Verder is die Bybel vol waarskuwings en oordele oor mense wat dwaalleringe verkondig. Ek haal slegs 'n paar voorbeelde aan:

- *1 Tim 4:1-2: Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete,*

Hier volg slegs uittreksels uit 2 Petrus 2 lees dit asb., in sy geheel in jou eie Bybel.

- *2 Pe 2:1 Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, **en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën** en 'n vinnige verderf oor hulleself bring;*

Die deel wat volg is die ergste dwaling van die OAK, maar dis net een voorbeeld van die dwaling van die OAK, daar is baie meer.

Op vraag 14 van die Kategismus van die OAK

Waarom is daar dan sovele in die wêreld wat nie die ware evangelie wil aanneem nie? Is die antwoord in die kategismus as volg:

- a. Diegene wat uit die wêreld is, praat uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle. Diegene wat God ken, luister na die Apostel en sy gesante. Hy wat nie uit God is nie luister nie na ons nie. Verwys 1 Joh.4:5-6
- b. Niemand kan na die Seun toe kom as die Vader hom nie trek nie. (Verwys Joh. 6:44) So ook kan niemand die Vader of Christus sien as hulle nie die Apostel aanneem nie, want: Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het." Matt. 10:40

In 1 Joh.4:5-6 kom die woord Apostel nie eers voor nie. Is dit nie 'n verdraaiing van die Bybel nie? Is hulle nie besig om al die eer aan hulle Apostels te gee nie? Johannes skryf hierdie boek aan alle gelowiges. As hy skryf "ons" bedoel hy alle gelowiges, hulle wat Jesus Christus as hulle Verlosser aangeneem het, hy sluit homself daarby in. Hy was een van die twaalf apostels van Jesus Christus en Johannes sê nêrens dat mense hom, Johannes moet aanneem om die Vader of Christus te sien nie, vergelyk die OAK antwoord b, hierbo.

In hul antwoord (b) doen die OAK presies wat in 2 Pet. 2:1 van die vals leraars geskryf word nl. "die Here wat hulle gekoop het verloën" wanneer hulle antwoord deur te beweer "So ook kan niemand die Vader of Christus sien as hulle nie die Apostel aanneem nie."

Matt. 10:40 beteken, wie die evangelie van Jesus Christus wat verkondig word, aanneem, neem Jesus Christus aan, en wie Christus as sy Verlosser van sy sondes aanneem, neem die Vader aan. Luk. 10:16 beteken ook dieselfde as Matt. 10:40. Alle mense is sondaars ook die Apostels van die OAK lees: Rom. 3:23, Rom. 3:10; Jak. 2:10, Ps.14:1-3, Ps.53:4

Die Bybel is duidelik dat slegs Jesus Christus aangeneem moet word om gered te word.

- *Joh 1:12 Maar **almal wat Hom aangeneem het,** aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; Joh 1:13 wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.*

- *Soos **julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het,** wandel so in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging. (Kol 2:6,7)*

Jesus Christus het self gesê dat die onkruid saam met die goeie saad op die land sal groei tot oestyd nl. die oordeelsdag. Matt. 13:24-30; 36-43; 47-48.

- *So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: die engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei en hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande. (Matt 13:49,50)*

In Luk. 21:5-36 vertel Jesus Christus self van die dwaalleringe, die ongeregtighede, verdrukking en vervolging van die gelowiges. Deur te bid dat hierdie dinge weggeneem moet word, maak ons Jesus Christus en God tot leuenaars wat hulle nie is nie.

- *Num 23:19 **God is geen man dat Hy sou lieg nie;** of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?*

- *Tit 1:1 Paulus, 'n dienskneg van God en 'n apostel van Jesus Christus, volgens die geloof van die uitverkorenes van God en die kennis van die waarheid wat na die godsaligheid is, Tit 1:2 in die hoop van die ewige lewe wat **God, wat nie kan lieg nie,** van ewigheid af beloof het,*

Kan jy nou sien waarom ons nie kan bid om die dwaalleer weg te neem nie maar dat mense se ore en oë sal oopgaan sodat hulle die waarheid sal hoor en sien, Jesus Christus aanneem as hulle enigste Verlosser en Saligmaker. Bid dat mense net op God alleen sal vertrou, nie op mense soos die Apostels van die OAK nie want God se vloek rus op hulle wat op mense vertrou, kyk wat staan in Jer 17:5

- *(Jer 17:5) So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk.*

- *(Jer 17:5) This is what the Lord has said: Cursed is the man who puts his faith in man, and makes flesh his arm, and whose heart is turned away from the Lord.*

Jer. 17:7 is vir die mens wat net op die Here vertrou:

- *Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is. Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie. (Jer 17:7,8)*

Ons moet luister en doen wat Jesus Christus vir ons sê in Luk. 21:36 want God verwag van ons gehoorsaamheid.

- *(Luk 21:36) Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.*

C. Skrywer wil weet waarom ons ander gelowe oordeel want Jesus het dit nie gedoen nie. Ek haal aan uit sy skrywe: "Die beeld wat Christus uitgeleef het, was een van versoening en vergifnis. Hy het vermaan, gewaarsku maar nooit ander gelowe geoordeel of veroordeel nie."

Jesus Christus het by verskeie geleenthede die Fariseërs en Sadduseërs en Skrifgeleerdes streng aangespreek wanneer hulle 'n dwaalleer verkondig het. In die volgende aanhaling uit die Bybel gee die Fariseërs die volk toestemming om die 6de gebod Exod.20:12 te oortree; daarom spreek Christus hulle aan en noem hulle "geveinsdes" wat glad nie vleiend is nie.

- *Maar julle sê: Elkeen wat aan vader of moeder sê: enige voordeel wat u van my sou kan geniet, is 'n offergawe--**dié hoef sy vader of sy moeder glad nie te eer nie.** So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering. Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. (Matt 15:5-9)*

In vers 12-14 waarsku Christus die mense teen die leer van die Fariseërs en noem Hy hulle blindes..

- *Daarop kom sy dissipels nader en sê vir Hom: Weet U dat die Fariseërs, toe hulle die woord hoor, aanstoot geneem het? Maar Hy antwoord en sê: Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word. Laat hulle staan; hulle is blinde leiers van blindes. En as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val. (Matt 15:12-14)*

In Matt. 18:5-7 spreek Jesus Christus 'n oordeel uit oor mense wat ander laat struikel.

- *En elkeen wat een van sulke kindertjies in my Naam ontvang, ontvang My; maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see. Wee die wêreld weens die struikelblokke! Want dit is noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mens deur wie die struikelblok kom. (Matt 18:5-7)*

In Matt.22:13-33 spreek Jesus Christus die dwaling van die Sadduseërs aan

- *Dieselfde dag kom daar na Hom Sadduseërs, **hulle wat sê dat daar geen opstanding is nie,** en vra Hom en sê: Meester, Moses het gesê: As iemand sonder kinders sterwe, moet sy broer sy vrou trou en kinders vir sy broer verwek… (Matt 22:23,24)*

- *Toe antwoord Jesus en sê vir hulle: **Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie**.(Mat 22:30) Want in die opstanding trou hulle nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie, maar is soos engele van God in die hemel. En wat die opstanding van die dode betref--het julle nie die woord gelees wat tot julle deur God gespreek is nie: Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob? God is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes. (Matt 22:29-32)*

In Mat. 23 spreek Jesus Christus die skrifgeleerdes en die Fariseërs aan oor die dwaalleer wat hulle verkondig en in vers 33 spreek Hy 'n oordeel oor hulle uit. Jesus Christus gebruik ook nie vleitaal nie maar noem hulle "gewitte grafte, van binne vol doodsbene en onreinheid, slange, addergeslag,"

- *Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is. So lyk julle ook van buite vir die mense wel regverdig, maar van binne is julle vol geveinsdheid en ongeregtigheid… (Matt 23:27,28)*
- *(Mat 23:33) Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug?*
- *(Mat 23:36) Voorwaar Ek sê vir julle, al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom.*

Hier sê Jesus Christus vir hulle presies waarheen hulle oppad is. Hel toe! Net soos Jesus Christus gewaarsku het waar daar afgedwaal word van die Bybel net so is dit ons doel om mense daarop te wys wanneer hulle afdwaal van die Woord van God. Matt. 11:20-24 verwyt en veroordeel Jesus Christus die inwoners van die drie stede omdat hulle hul nie bekeer het nie gaan lees dit gerus.

Paulus gee dwaalleraars selfs aan die Satan oor:

- …onder wie daar is Himenéüs en Alexander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie. (1 Tim 1:20)

Die Bybel is vol waarskuwings teen dwaalleraars, dit is leraars wat afwyk van die waarheid wat in die Bybel geskryf staan.

Wat die ander gelowe betref waarna ons skrywer verwys is dit duidelik dat daar Jode, dit is Israeliete was, wat in die God van die Bybel geglo het en gehoorsaam was aan Sy Woord en die res was heidene, net twee gelowe. Mense was óf Christene óf heidene in die tyd toe Jesus Christus op die aarde was. Vandag is dit nie veel anders nie, net hulle wat kinders van God is deur Jesus Christus (Joh 1:12) en in die Waarheid, die Bybel wat God se Woord is, glo soos dit daar staan, onveranderd, nie verdraai nie, niks bygelas en niks weggeneem nie, hulle is die ware Kerk, die bruid van Jesus Christus.

D. Die skrywer beweer dat die skrywers van die blad "Blind (is) vir die werklikheid om die bestaansreg van hul eie geloof te regverdig."

Ek het nie die reg om die bestaansreg van my geloof te regverdig nie want geen mens kan God se bestaan regverdig nie, omdat God bestaan, het my geloof bestaansreg.

Ek glo in die Almagtige God wat sy Seun, die Messias gestuur het om te sterf vir my sondes en omdat ek in die Seun glo en net Hom aangeneem het as my enigste Verlosser het ek die ewige lewe. Joh.6:47.

Dit is altyd wat lede van dwaalleergroepe doen—sê dat ander nie mag oordeel nie. Deur die Skrif te verdraai en uit verband aan te haal probeer hulle ander daarop wys dat hulle nie die reg het om enige dwaalleer te ontbloot of daarteen te waarsku nie, soos hierdie skrywer dan ook maak. Dit wat hierbo genoem is is alreeds voldoende om die teendeel te bewys, maar kom ons kyk gerus verder. Die gelowige word uitgedaag en opgeroep om juis te oordeel! Oordeel in die sin van **BE**oordeel dit wat geleer en verkondig word. Nie om iemand te **VER**oordeel nie. Daar is 'n hemelsbreë verskil! Net God kan **VER**oordeel, maar die mens mag wel **BE**oordeel.

- *Ek spreek soos met verstandige mense; **oordeel** self wat ek sê: (1 Kor 10:15, 1953 Vert)*
- *Ek praat met julle as verstandige mense. **Be**oordeel self wat ek sê. (1983 Vert)*
- ***Oordeel** julle nou maar self: is dit betaamlik vir 'n vrou om sonder iets op haar kop in die erediens tot God te bid? (1 Kor 11:13, 1953 Vert)*
- *Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? (1 Kor 6:2)* Hier sien ons dat Paulus die Korintiërs berispe omdat hulle nie in staat is om oor die geringe sake in die gemeente te oordeel.

Ons hoop hierdie antwoord stel die skrywer[s] tevrede.

Japie Grobler & Kittie Pienaar

8009
EDLEEN
1625
Tel/Fax: +27-11-394-3080
E-mail: kies_ciec@telkomsa.net

17 April 2005

Beste Jean Koster

In jou e-pos van 18 Augustus daag jy ons uit om jou uit die Bybel te oortuig dat jou kerk se lering vals is. Dit het ek lankal gedoen deur julle kategismus se dwaling uit te wys in my boek "Die Openbaring van die Dwaalleer van die Ou Apostoliese Kerk van Afrika". Skaf dit aan en vergewis jouself aan die hand daarvan!

Omdat jy ons uitdaag om jou uit die Bybel te bewys dat julle verkeerd is, erken jy dus die Bybel as bron van gesag. Jy haal self tekste uit die Bybel aan om jou stellings te staaf net soos ek. Ek gebruik die **HELE** Bybel, nie net enkele tekse nie, ek neem aan jy ook, want as jy een enkele teks daaruit gebruik en dit aanvaar as 'n bron van gesag **MOET** jy die **HELE** Bybel ook erken as 'n bron van gesag, nie waar nie?

Wat betref jou e-pos van 19-07-2004 reageer ek graag soos volg:

Ter verduideliking:

Die paragraaf "Inleiding" skryf ek, Kittie Pienaar, om die egtheid, ontstaan en voortbestaan van die Bybel te verduidelik aangesien die OAK die Bybel sien as die dooie letter en nie die lewende Woord van God nie. Hulle glo dat net hul apostels die ware en lewende woord het.

Vraag 1 tot vraag 18 is vrae uit 'n vraelys wat aan die apostolies gevra word.

My antwoord is die antwoorde van 'n apostolie, Jean Koster.

Bybelse verklaring of **kommentaar na elke antwoord,** geskryf deur Kittie Pienaar, is 'n verduideliking van die vraag, of 'n regstelling vanuit die Bybel op die antwoord van Jean Koster veral waar Bybel verse verkeerd geïnterpreteer of buite konteks aangehaal word.

Inleiding:

Die egtheid, ontstaan en voortbestaan van die Bybel.

Ek glo dat jy sal saamstem dat die God van die Bybel 'n ander god is as die god van die Islam, Hindoe, New Age, Harikrishna, Afrika gode en die god van al die ander gelowe wat ons vandag in die wêreld kry. Al word bonatuurlike kragte aan gode gegee, verskil hulle en is hulle nie die Waaragtige alomteenwoordige God van die Bybel nie. Die Bybel is die enigste boek of geskrif waarin ons van God lees en waaruit ons Hom kan leer ken. Die Bybel is vir ons gegee sodat ons kan weet met watter God ons te doen het en wat Hy van ons as sy dissipels verwag. Van Genesis tot Openbaring is dit duidelik dat God van ons verwag om in geregtigheid en waarheid te lewe en om 'n persoonlike verhouding met Hom te bou.

> *2 Tim 3:16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,*

Verder waarsku Paulus ons teen vals lering en kry ons ook die opdrag soos Timoteus om die waarheid ten alle koste te verkondig.

> *(2Tim 4:2) …; verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering;*

Ons kan en moet die Bybel en alles wat daarin geskryf is as die absolute waarheid aanvaar. Dit wat in die Ou Testament opgeteken is, is die geskiedenis van Israel of die Joodse volk en God se plan met hulle **en** met die hele wêreld. Dis ’n feit dat die Ou Testamentiese geskiedenis vandag nog in Joodse skole aan die kinders geleer word as die oorsprong en die geskiedenis van die Jode. In die profetiese boeke van Jesaja, Jeremia, Esegiël en die kleiner profete is ook geskiedenis opgeteken maar ook profesië waarin ons kan sien wat die God van die Bybel, wie se naam Jahwe is, se verlossingsplan is vir sy uitverkore volk die Jode en ook vir nie–jode. Reeds in Genesis 3:15 lees ons van God se verlossingsplan vir die mens en dit loop soos ’n goue draad deur die Ou Testament nl. die voorspellings van die koms van die Seun van God, Jesus Christus van Nasaret ons enigste Verlosser en Saligmaker.

> *(Gen 3:15) En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.*

In Luk. 24:44 getuig Jesus Christus self van die profesië wat oor Hom in die Ou Testament uitgespreek is.

> *(Luk 24:44) En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die **wet van Moses en die profete en die psalms,** vervul moet word.*
>
> .

Baie van daardie profesië het reeds gebeur, is besig om te gebeur en ander gaan nog gebeur.

Die egtheid en betroubaarheid van die Bybel is deur die eeue heen deur baie mense bevraagteken. Daar is egter soveel geskryf in geskrifte wat nie in die Bybel opgeneem is nie van gebeurtenisse wat ook in die Bybel beskryf word wat bewys dat die inhoud van die Bybel waar is. Argeoloë het met hul opgrawings in die Bybelse lande baie bewyse gekry dat die Bybel tog reg is. So onlangs as 1940 is manuskripte van die Ou Testament, behalwe die boek Ester, in grotte naby die Dooie See in Israel gekry. Verder het daar al baie profesië van die Ou Testament reeds waar geword, profesië oor Israel maar ook oor ander nasies uit die Bybelse tyd.

Die Bybel is uniek as ons daaraan dink dat 40 verskillende mense oor duisende verskillende onderwerpe oor ’n tydperk van 1600 jaar in 3 verskillende tale op 3 verskillende kontinente met een sentrale tema, skryf naamlik die verlossing van die mens, God se plan om die mens te verlos.

Geen ander sogenaamde heilige boek van enige ander geloof maak daarop aanspraak dat dit die woord van hul god is nie maar is die van mense. Die Koran van die Moslem is nie die woord van hul god Allah nie maar van Mohamed. Die boek van die Mormone is die woorde van Joseph Smith. Die Jehova Getuies gebruik hulle bybel wat deur Russell geskryf is. Die Bybel is die enigste Boek wat daarop aanspraak kan maak dat dit wel die Woord van God is, God praat self met sy volk en gebruik mense om dit wat Hy wil oordra te sê en te skryf. Daar is soveel voorbeelde waar ons lees: **”so sê die Here….”** ek noem slegs ’n paar:

> *(Jos 7:13) Staan op! Heilig die volk en sê: Heilig julleself teen môre; want **so sê die HERE, die God van Israel**:…*
> *(Jos 24:2) Toe sê Josua aan die hele volk: **So sê die HERE, die God van Israel: …***
> *(2Ki 21:12) daarom, **so sê die HERE, die God van Israel**:…*
> *(Isa 28:16) daarom, **so sê die Here HERE:…***
> *(Isa 44:24) **So sê die Here, jou Verlosser,…***
> *(Jer 19:3) En jy moet sê: **Hoor die woord van die HERE, o konings van Juda en inwoners van Jerusalem! So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel:**…*
> *(Eze 25:6) Want **so sê die Here HERE:…***
> *(Exo 9:13) Verder het **die HERE aan Moses gesê**:…*

(***so spreek die Here*** kom 180 keer in die Ou Testament voor en ***so sê die Here*** kom 235 keer in die Ou Testament voor. Hieruit is dit duidelik dat die Bybel God se woord is, **Hy het gespreek**.

God het mense ook geïnspireer deur woorde in hul mond te lê dit is ook in die Bybel geskryf, kyk na die volgende.

> *(Num 22:38) En Bíleam het Balak geantwoord: Hier het ek na jou gekom. Is ek nou wel in staat om iets te spreek? **Die woord wat God in my mond lê, dit sal ek spreek**.*
> *(Num 23:12) En hy antwoord daarop dít: Moet ek dan nie sorgvuldig alles spreek **wat die HERE in my mond** lê nie?*
> *(Deu 18:18) ‘n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en **Ek sal my woorde in sy mond lê**, en Hy sal aan hulle **sê alles wat Ek Hom beveel**.*
> *(Psa 40:3) (40:4) En Hy het ‘**n nuwe lied in my mond gegee,** ‘n lofsang tot eer van onse God. Baie sal dit sien en vrees en op die HERE vertrou.*